Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 10

NOVEMBER 2018

EKONOMIE V1

PUNTE: **150**

TYD: **2 uur**

* X E C O A 1 *

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Lees die vrae noukeurig deur en begin elke vraag boaan ’n NUWE bladsy.

5. Laat 2−3 reëls oop tussen onderafdelings van vrae.

6. Beantwoord vrae in volsinne en maak seker dat die uitleg, inhoud en konteks van jou antwoorde voldoen aan die kognitiewe vlakke van die vrae.

7. Slegs die vereiste aantal vrae sal nagesien word in die volgorde waarin dit in die ANTWOORDEBOEK verskyn.

8. Gebruik slegs swart of blou ink.

9. Jy mag ’n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1 30 PUNTE − 20 MINUTE

1.1 Verskeie opsies word as antwoorde tot die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.1.1−1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 D.

1.1.1 Skaarsheid beteken dat daar ... hulpbronne is om die goedere te produseer wat ons nodig het.

A voldoende
B onvoldoende
C vaste
D veranderlike

1.1.2 ... is regte wat geglo word elke lewende persoon behoort te hê.

A Politieke regte
B Siviele regte
C Ekonomiese regte
D Menseregte

1.1.3 Geslote ekonomie is ’n ekonomie sonder die ... sektor.

A openbare
B huishoudelike
C buitelandse
D besigheid

1.1.4 Die onderste draaipunt van ’n sakesiklus, staan as die ... bekend.

A trog
B resessie
C depressie
D piek

1.1.5 Die gebruik van implemente en metodes om iets te produseer, word ... genoem.

A nomadies
B ruilhandel
C tegnologie
D krag

Kopiereg voorbehou

1.1.6 Watter EEN van die volgende is nie ’n voorbeeld van ’n belangrike stelsel in die evolusie van ekonomiese stelsels nie?

A Feodalisme
B Metallurgie
C Merkantilisme
D Kommunisme

1.1.7 ’n Bevolking se natuurlike groeikoers word deur ... bepaal.

A sterftes
B geboortes
C immigrante
D migrasie

1.1.8 Watter EEN van die volgende verduidelik nie die hoë stilstaande fase in die demografiese siklus nie?

A Geboorte- en sterftekoerse is baie hoog in hierdie fase.
B Groei is baie stadig en fluktuerend.
C Kinders word as ekonomiese bates beskou.
D Die fase word deur meganisasie en verstedeliking gekenmerk. (8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n begrip in KOLOM A pas. Skryf slegs die korrekte letter (A−I) langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.2.1−1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Ekonome	A	Die skep van bruikbaarhede wat menslike behoeftes kan bevredig
1.2.2	Produksie	B	Wanneer mense van plek na plek trek vir kos, water en weiding
1.2.3	Huishoudings	C	Gebruik patrone om te verduidelik wat in die verlede in die ekonomie gebeur het
1.2.4	Ekonomiese goedere	D	'n Groep mense wat saambly en saam ekonomiese besluite neem
1.2.5	Nomadies	E	Dit beheer handelstransaksies
1.2.6	Handelsreg	F	Sluit in moedelose werksoekers studente, gestremde mense, ens.
1.2.7	Werkloosheid	G	Goedere wat ruilwaarde het en gekoop kan word
1.2.8	Nie-arbeidsmag	H	'n Situasie waar lede van die arbeidsmag sonder werk sit
		I	Goedere wat nut het, maar geen ruilwaarde nie

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN begrip vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die begrip langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 ’n Sektor wat goedere en dienste teen ’n goedkoper prys aan huishoudings verskaf

1.3.2 Hierdie is skaars wanneer dit onvoldoende is om al ons behoeftes en begeertes te bevredig

1.3.3 Die fasiliteite wat voorsien word om te verseker dat ekonomiese aktiwiteit kan plaasvind, bv. paaie, lughawens en telefoonlyne

1.3.4 Handel waar geld gebruik word om vir goedere te betaal

1.3.5 Gereedskap wat in vroeëre gemeenskappe gebruik is om grond te bewerk

1.3.6 Entrepreneurs wat besighede begin om hulself in diens te neem, soos familie-besighede of straatverkopers (6 x 1) (6)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 30 MINUTE

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem TWEE kategorieë van skaarsheid. (2 x 1) (2)

2.1.2 Hoekom dink jy word na Ekonomie as 'n 'sosiale wetenskap' verwys? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg.

Reële bruto binnelandse produk
Kwartaal-na-kwartaal persentasie verandering teen seisoenaal aangepaste jaarlikse koerse.

Sektor	2016		2017				
	Kw4	Jaar*	Kw1	Kw2	Kw3	Kw4	Jaar*
Primêre sektor	-8.7	-5.6	15.5	13.9	13.7	4.9	7.5
Landbou	-4.1	-10.2	26.2	36.8	41.1	37.5	17.7
Mynbou	-9.9	-4.2	12.6	7.8	6.2	-4.4	4.6
Sekondêre sektor	-1.1	0.6	-3.7	2.8	1.5	3.1	-0.1
Vervaardiging	-2.5	0.9	-4.1	2.9	3.7	4.3	-0.2
Tersiêre sektor	2.2	1.7	-1.7	1.2	1.1	2.7	0.8
Nie-primêre sektor	1.5	1.4	-2.1	1.6	1.2	2.7	0.6
Totaal	**0.4**	**0.6**	**-0.5**	**2.9**	**2.3**	**3.1**	**1.3**

*Persentasie verandering oor een jaar [Bron: Stats SA]

2.2.1 Watter sektor het die meeste bygedra gedurende die laaste kwartaal (Kw4) van 2017? (1)

2.2.2 Gee EEN voorbeeld van 'n tersiêre sektor besigheid of industrie. (1)

2.2.3 Watter vadal neem jy waar tussen die laaste kwartaal van 2016 en die laaste kwartaal van 2017 in die landbousektor? (2)

2.2.4 Verduidelik die begrip '*produksie*'. (2)

2.2.5 Hoekom word die sekondêre nywerheid benodig in die ekonomie? (4)

Kopiereg voorbehou

2.3 DATA RESPONS

Bestudeer die onderstaande diagram en beantwoord die vrae wat volg.



[Bron: dziuk.info]

2.3.1 Wat stel bogenoemde diagram voor? (1)

2.3.2 Identifiseer enige ekonomiese deelnemer in die bostaande diagram. (1)

2.3.3 Wat is die begrippe wat gebruik word om die beweging van goedere en dienste en die beweging van geld in bostaande diagram te beskryf? (2)

2.3.4 Verduidelik die begrip '*lekkasies*'. (2)

2.3.5 Hoekom is die rol van huishoudings so belangrik in bostaande diagram? (4)

2.4 Onderskei tussen '*makro-ekonomie'* en '*mikro-ekonomie'*. (2 x 4) (8)

2.5 Hoe kan inspuitings die Suid-Afrikaanse ekonomie bevoordeel? (4 x 2) (8)

[40]

VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 30 MINUTE

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE van die G8-lande. (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoekom verkies besighede massaproduksie eerder as ander produksiemetodes? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg.

Natuurlike groei van bevolking in Suid-Afrika

Jaar	Aangemelde geboortes	Aangemelde sterftes	Natuurlike styging
1997	949,341	317,131	632,210
1998	933,525	365,852	567,673
1999	949,281	381,820	568,661
2000	960,493	415,983	544,510
2001	944,345	454,847	489,498
2002	953,680	502,031	451,649
2003	994,546	556,769	387,777
2004	994,537	576,700	417,837
2005	1,027,650	598,054	**A**
2006	1,046,130	612,462	433,668
2007	1,015,370	601,033	414,337

[Bron: *Via Afrika Graad 10*]

3.2.1 Identifiseer die jaar waarin die aangemelde sterftes besonder hoog was. (1)

3.2.2 Wat is die hoofmetode wat gebruik word om ’n bevolking te tel? (1)

3.2.3 Verduidelik die begrip ‘*demografiese siklus’*. (2)

3.2.4 Bepaal die waarde van **A.** (2)

3.2.5 Maak ’n gevolgtrekking oor enige tendens wat waargeneem kan word uit die natuurlike styging in die bevolking oor die tydperk van 1997 tot 2007. (4)

Kopiereg voorbehou

3.3 Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

NIGERIË AS 'N NYWERHEIDSLAND

Na onafhanklikheid in 1958, het die regering nywerhede aangemoedig om goedere te produseer wat nog steed ingevoer is. Fabrieke is opgerig om radio's, sigarette, bier, motorbande, skoene, meel en baie ander produkte te vervaardig.

Vandag is Nigerië die grootste uitvoerder van ru-olie in tropiese Afrika en die land verdien meer as 90% van sy inkome uit uitvoere. Olie-nywerhede is duur, so die nywerheid het die hulp van buitelandse korporasies nodig gehad.

[Bron: *Fokus Ekonomie Graad 10*]

3.3.1 Identifiseer die nywerheid wat die meeste inkomste genereer in hierdie land. (1)

3.3.2 Volgens die uittreksel, watter sektor verskaf die meeste geleenthede vir indiensname? (1)

3.3.3 Verduidelik die begrip '*verstedeliking*'. (2)

3.3.4 Wat word bedoel met die begrip '*werkloosheid*'? (2)

3.3.5 Hoekom is vakbonde gedurende die industriële omwenteling gestig? (Enige 2 x 2) (4)

3.4 Bespreek die eienskappe van 'n gemengde ekonomie. (4 x 2) (8)

3.5 Hoekom moet 'n volk aangemoedig word om te spaar? (4 x 2) (8)

[40]

VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES
40 PUNTE – 30 MINUTE

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van kapitaalgoedere. (2 x 1) (2)

4.1.2 Hoekom is die bevolkingsgroeikoers belangrik vir toekomstige regeringsbeplanning? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die onderstaande diagram en beantwoord die vrae wat volg.



[Bron: www.sy-eco.org]

4.2.1 Identifiseer die begrip wat goedere en dienste omskryf waarsonder individue kan klaarkom. (1)

4.2.2 Noem EEN belangrike vraag wat ekonome vra om 'n ekonomiese probleem te probeer oplos. (1)

4.2.3 Verduidelik die begrip '*positiewe stelling'*. (2)

4.2.4 Verduidelik die begrip '*geleentheidskoste*'. (2)

4.2.5 Hoekom moet mense 'n keuse maak? (4)

4.3 Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg.

Arbeidsmag – alle bevolkingsgroepe (Mans)

	Okt.–Des 2016	Jan–Maart 2017
Bevolking 15–64 jaar	**18 226**	**18 307**
Arbeidsmag	**11 966**	**12 195**
Indiens geneem	**9 037**	**9 030**
Werkloos	**2 929**	**3 165**
Nie ekonomies aktief nie	**6 260**	**6 113**
Ontmoedigde werk-soekers	**1 003**	**1 044**
Koerse (%)		
Werkloosheidskoers	**24,5**	**?**

[Bron: Stats SA Kwartaallikse Bulletin 2017]

4.3.1 Noem EEN voorbeeld van mense wat ekonomies onaktief is. (1)

4.3.2 Wat stel 'bevolking van 15–64 jaar' voor? (1)

4.3.3 Verduidelik die begrip '*arbeidsmag deelname koers'*. (2)

4.3.4 Wat verstaan jy onder die begrip '*nie-vrywillige migrasie"*? (2)

4.3.5 Bereken die werkloosheidskoers vir die 1ste (of eerste) kwartaal van 2017. (4)

4.4 Bespreek die vier produksiefaktore. (4 x 2) (8)

4.5 Hoekom is die lae stilstaande fase belangrik in die demografiese siklus? (4 x 2) (8)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord EEN van die volgende twee vrae in hierdie afdeling.

STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL	PUNTE-TOEKENNING
Inleiding Die inleiding is 'n laer orde antwoord: • 'n Goeie beginpunt sal wees om 'n begrip te definieer wat in die vraag verskyn. • Moet nie enige gedeelte van die vraag insluit in die inleiding nie • Moet nie enige gedeelte van die inleiding in die inhoud herhaal nie • Vermy om in die inleiding te sê wat in die inhoud bespreek gaan word	Maks. 2
Inhoud: • **Hoofgedeelte:** Bespreek in detail/In-diepte bespreking/ Ondersoek/Bespreek krities/Ontleed/Vergelyk/Evalueer Onderskei/Differensieer/Verduidelik/Assesseer/Debatteer • **Addisionele gedeelte:** Eie opinie/Bespreek krities / Evalueer/Kritiese evaluasie/Teken 'n grafiek en verduidelik / Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik / Voltooi die gegewe grafiek / Bereken / Lei af / Vergelyk / Onderskei / Interpreteer / Debatteer kortliks / Hoe? / Stel voor	Maks. 26 Maks. 10
Slot Enige toepaslike hoër orde slot wat die volgende insluit: • 'n Kort opsomming van wat bespreek of ontleed is, sonder om die feite wat reeds in die inhoud genoem is, te herhaal. • 'n Opinie of waarde oordeel van bespreekte feite. • Addisionele ondersteunende inligting om die bespreking / ontleding te staaf. • 'n Teenoorgestelde sienswyse met motivering, indien so vereis. • Aanbevelings	Maks. 2
TOTAAL:	**40**

VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE

- Bespreek die fases van die sakesiklus kortliks. (26)
- Verduidelik hoe endogene (Keynesiaanse) faktore ekonomiese fluktuasies beïnvloed. (10)

[40]

VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 40 MINUTE

- Bespreek, in detail, die hooffaktore wat Suid-Afrika se arbeidsmag se groei en samestelling beïnvloed. (26)
- Hoe word surplus produksie, handel en ontwikkeling van vervoer in die evolusie van markte aangewend? (10)

[40]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou